JAAREIND RESULTATE
APRIL 2022

Herbedink Landbou

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE

R10 881 MILJOEN (45,8%)
2021: R7 463 miljoen
Omset

20,5% (0,8%)
2021: 19,7%
Opbrengs op openingsekwiteit

R19,48 PER AANDEEL (14,1%)
2021: R17,07 per aandeel
Netto batewaarde

R1 060 MILJOEN (30,9%)
2021: R810 miljoen
Wins uit normale bedryfsaktiwiteite (voor korporatiewe items)

R601 MILJOEN (19,2%)
2021: R504 miljoen
Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die moeder-maatskappy

398,2 s/aandeel (62,9%)
2021: 244,4 s/aandeel
Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel

DIVIDENDVERKLARING

SENWES

FINALE DIVIDEND PER AANDEEL*:	SPESIALE DIVIDEND PER AANDEEL*:	REKORDDATUM:
34 SENT [2021: 32 SENT]	56 SENT [2021: 26 SENT]	24 Augustus 2022
		BETALINGSDATUM: 29 Augustus 2022

AGRIBEL BEHEREND

FINALE DIVIDEND PER AANDEEL*:	SPESIALE DIVIDEND PER AANDEEL*:	REKORDDATUM:
25 SENT [2021: 23 SENT]	21 SENT [2021: 19 SENT]	24 Augustus 2022
		BETALINGSDATUM: 30 Augustus 2022

*Dividendterughoubelasting sal van toepassing wees.
Vir die verhandeling van Senwes en Agribel aandele, besoek **www.senwes.co.za.**

OORSIG

'n Uitsonderlike goeie landbouproduksie- en kommoditeitspryssiklus, tesame met die ontsluiting van sinergieë wat voortvloei uit onlangse samesmeltingstransaksies en die herorganisasie van die groep, het tot rekordresultate vir die finansiële jaar aanleiding gegee.

AANKONDIGINGS

Senwes het die verkryging van drie John Deere agentskappe in Oos-Duitsland, naamlik Schlieper für Landmaschinen GmbH, Landmaschinen Vertrieb Deuben GmbH en Bartling Landtecnik GmbH Hohenseefeld suksesvol afgehandel. Die agentskappe sal saamgevoeg word onder die handelsmerk S&L Connect. Hierdie uitbreiding na markte met laer risiko ten einde die inkomstestrome te diversifiseer, is belyn met Senwes se strategiese filosofie, spesifiek die strategiese doelwit van eksternalisering, en sal gedurende die eerste twee kwartale van die 2023 finansiële jaar geïmplementeer word.

VOORUITSIGTE

Bo-normale grondvogvlakke, hoër wintergraanaanplantings en 'n groter neiging na sojaboonproduksie word verwag, wat 'n beter balans van die kommoditeitsboek as in die verlede tot gevolg behoort te hê. Selfs met buitensporige verhogings in produksiekoste, word verwag dat die vertrouensindeks van landbou en hektare onder verbouing hoog sal bly vir die komende seisoen.

DIREKTEURE: JDM Minnaar (Voorsitter), F Strydom (Hoof Uitvoerende Beampte)*, SF Booysen (Ondervoorsitter), CF Kruger (Hoof Finansiele Beampte)*, VJ Klein, AJ Kruger, NDP Liebenberg, GL Malherbe, JS Marais, JJ Minnaar, JPN Stander, WH van Zyl, JJ Viljoen en AG Waller. Maatskappy-sekretaris: EM Joynt. *Uitvoerend

BESIGHEIDSEGMENTE

FINANSIËLE DIENSTE

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE: 4,8% ▲

2022 R153m
2021 R146m

Produsente het hul produkte vinnig en teen goeie marges verkoop. Die terugbetaling van skuld het vinniger plaasgevind en aankope vir die nuwe seisoen is met die surplus kontant gedoen wat uit die vorige seisoen se inkomste gegenereer is. 'n Laer kredietblootstelling het gewoonlik laer marges sowel as laer risiko tot gevolg. Dit het ook 'n laer as verwagte voorsiening vir kredietverliese in vergelyking met die vorige jaar tot gevolg gehad. Senwes is tevrede met die huidige blootstelling en terugbetalingskoers.

INSETVERSKAFFING

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE: 51,3% ▲

2022 R481m
2021 R318m

Positiewe kontantvloei vanuit die Senwes klantebasis het hoër toerustingverkope, stabiele marges en lae vlakke van tweedehandse inruile tot gevolg gehad. Groot en mediumgrootte toerusting het 'n supersiklus van verkope gedurende die huidige jaar beleef. Die verkope van kleiner masjinerie het verlaag teenoor die vorige jaar, weens vertragings in verskeping vanaf buitelandse verskaffers en sterker mededinging weens nuwe toetreders tot die mark. Die voornemens om meer vir die volgende seisoen te produseer het duidelik geblyk uit die aankoop van insetprodukte deur produsente, wat ook 'n positiewe invloed op die kleinhandel- en groothandelsektore gehad het.

MARKTOEGANG

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE: 52,6% ▲

2022 R325m
2021 R213m

Matige oordragvoorraad van graankommoditeite, 'n goeie produksieseisoen sowel as 'n laer versporingsprogram het tot hoër graanvoorraadvlakke regdeur die jaar gelei, wat op sy beurt weer bo-gemiddelde inkomste uit graanopberging gegenereer het. Die veranderinge met betrekking tot die verkryging en bemarking van sagtekommoditeite is goed ontvang deur die mark en het groter volumes en verhoogde marges in die proses ontsluit. Die groep was geseën met goeie kwaliteit produk en weens die hernude fokus op die logistieke oplossing, is die effektiewe reeks dienste na ander markte uitgebrei. Klante het hul oeste teen bo-gemiddelde marges gelikwideer.

VERWERKING, KONDISIONERING EN MARKTE

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING, NA FINANSIERINGSKOSTE: 24,1% ▼

2022 R101m
2021 R133m

Rekord kalkverkope aan produsente, tesame met 'n groter markaandeel, het tot rekordresultate vir Bastion gelei. SA Dorper het beduidend swakker as die vorige jaar presteer aangesien minder velle verkoop is. Die verkope daarvan was egter teen 'n hoër gemiddelde verkoopsprys en marge per vel. Weens 'n 12,8% versterking van die R/$ wisselkoers, was hoër aankooppryse en 'n laer gemiddelde verkoopprys per ton 'n realiteit vir Carpe Diem Raisins, wat die marge en winsbydrae negatief beïnvloed het.

http://senwes.co/fin22a

Senwes Bpk (Registrasienommer: 1997/005336/06) | Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570 | Tel: 018 464 7800 | Webwerf: www.senwes.co.za